# Waaraan dink jy heeldag?

## Wat oorheers jou gedagtes?

**Donderdag 14 Julie 2022**

**Kom ons lees saam:** <u>**Kol 3:1-4**</u>

**1** "As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit.
**2** Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie.
**3** Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.
**4** Wanneer Christus, wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word."

### Waaraan dink jy heeldag?

Heel waarskynlik is dit aan jou werk en wat jy vandag moet doen! Of Jy dink aan die grootste probleem wat tans in jou lewe is! Of Jy dink dalk aan die komende verlof of vakansie, die nuwe skoolkwartaal, die landsomstandighede of wat ookal.

Maar Paulus leer aan ons twee sake:

- Strewe na die dinger daarbo!
  En
- Rig julle gedagts op die dinge wat daarbo is!

Omdat ons geestelike saam met Christus uit die dood opgewek is, maw ons is dood vir die sonde, maar lewe in en deur Jesus Christus. Die Heilige Gees is aan ons gegee sodat ons kan lewe. Die Heilige Gees is aan ons gegee sodat ons "geestelik" kan lewe. Dit beteken dat ons deur die Heilige Gees gelei word elke dag.

Maar nou is dit belangrik, waaraan dink jy heeldag? Jy kan verseker nie heeldag aan die Here dink en jou werk afskeep en nie werk nie. Die Here het nie bedoel dat ons heeldag moet sit en Bybellees en bid en nie ook werk nie. "Wie nie werk nie sal nie eet nie…" leer Paulus aan ons. Maar die vraag is eintlik:

- **Hoe werk en leef en dink jy elke dag?**

Ons moet werk in afhanklikheid van God. Ons moet weet dat God elke dag in beheer is en vir ons sorg.

- Hoe strewe jy na die dinge daarbo?
- Hoe rig jy jou gedagtes op die dinge daarbo?

Deur jouself te voed met God se Woord.

- Ons moet so besig wees om God te doen deur Bybellees, deur gebed, deur in afhanklikheid van God te lewe, dat ons gedagtes elke dag al meer en meer op God gerig is.
- Ons moet so besig wees met God deur Jesus Christus, dat ons gedagtes en harte vol is net van God.
- Ons harte moet so oorloop van liefde vir God en ons naaste, dat dit uit ons mond borrel.
- ❖ Wat die hart van vol is, loop die mond van oor.

**Kom ons bid saam**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595:*** <u>***gskruger1@gmail.com***</u>